

## Beheerde brande in Hessequa

HESSEQUA NUUSFLITS - Die gesig van `n rook-kolom wat in die lig optrek is deesdae 'n algemene gesig in verskillende dele van die Hessequa streek.

Charl Wade van die Suid Kaap Brandbeskermings vereniging (SCFPA) noem aan Suid-Kaap FORUM dat beheerde brande al hoe meer algemeen raak onder grondeienaars.

"Grondeienaars het die afgelope twee jaar uitstekend saam met die SCFPA gewerk om die proses van beheerde brande glad te laat verloop".

Wade noem verder dat na twee jaar van bewusmaking rakende die procedures soos permit aansoek, wettiglike aspekte ensovoorts asook metodese beskikbaar, lyk dit of meeste grondeienaars dit nou verstaan.

"Grondeienaars besef dat hul grond korrek bestuur moet word om die beste ekonomiese potensiaal te bereik, hetsy deur beheerde brande of dan nie".

Lees meer in volgende Donderdag se Suid-Kaap FORUM asook aanlyn.

**'Ons bring jou die nuutste Hessequa nuus'**